

13 April

Openbaring 1
(Teks: 1: 17,18)

Die Lewende regeer

Hoe lyk die toekoms vir jou? Bleek, né? Toekoms is die dinge wat nog in die wêreld moet gebeur. Maar die toekoms is nie net die wêreldgebeure nie. Toekoms geld ook die *kerk*. Hoe lyk die toekoms van die kerk vir jou? Ook bleek?

Hoe moet ons bepaal of die toekoms bleek is of nie? Wat bepaal die toekoms?

Jesus Christus is die borg van sy kerk! Die kerk is in vervolging, soos Johannes op Patmos in ballingskap is ter wille van die Woord van die Here. Daarom kom Christus juis op daardie tydstop na Johannes toe. Hy kom gee aan Johannes *die openbaring oor wat binnekort moet gebeur*". Dit is die toekoms!

Van kop tot tone skitter Hy in Goddelike heerlijkheid! *"Ek was dood en kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid"*.

Jesus is in beheer van die dinge wat móét gebeur. Die *dwang* van die moet is God se raad. Alles dien uitsluitlik die doel van die Here.

En die Here verskyn aan Johannes tussen die goue kandelare, die sewe gemeentes. Jesus regeer die geskiedenis vanuit die kerk en as hoof van die kerk.

Want: *"Ek is die Eerste en die Laaste en die Lewende. Ek was dood, en kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid."*

Ons is lede van sy kerk!

Die toekoms wink!

Want die Lewende regeer!

Sing Skrifberyming 5 Ds. P.B. de Klerk (Stilfontein)